talent INDEKSGIDS INDEX GUIDE

400 Betrekkings gevra * Vacancies wanted
401 Algemeen * General Vacancies
402 Administratief/Klerklik * Administrative/Clerical
403 Ambagte * Artisans
404 Au Pairs
405 Rekeninge/Finansieel * Accounts/Financial
406 Bestuur * Management
407 Boubedryf * Building Industry
408 Drywers * Drivers
409 Eiendomsagente * Estate Agents
410 Ingenieurswese * Engineering
411 Argitekte * Architects
412 Hare/Skoonheid * Hair/Beauty
413 Hotelbedryf/Spyseniering * Hotel Industry/Catering
414 IT/Rekenaars * IT/Computers
415 Klerebedryf * Clothing Industry
416 Landbou * Agriculture
417 Medies * Medical
418 Motorbedryf * Motor Industry
419 Inbelsentrum * Call Centre
420 Onderwys * Teaching
421 Opleiding/Kursusse * Training/Education
422 Reis/Toerisme * Travel/Tourism
423 Regslui * Legal
424 Sekretarieel/PA/Tiksters * Secretarial/PA/Typists
425 Sekuriteit * Security
426 Tegnies * Technical
427 MH/Personeel * HR/Personnel
428 Verkope/Bemarking * Sales/Marketing
460 Versekering * Insurance
461 Oorsese betrekkings * Overseas vacancies

0860 11 7520

Jou advertensiekontakte:

- Colette
cvletter@media24.com
- Nathacha
nbasson@media24.com
- Denise
denise.lawrence@media24.com

Redaksie:
Tel. 083 308 6305
Vir navrae oor redaksionele kopie, skryf aan **talent24@webmail.co.za**

GROEN KANTORE

Klein aksies maak 'n groot verskil

Die Verenigde Nasies se 17de konferensie oor klimaatsverandering, COP17, vind vandeesweek in Durban plaas. Marlene Malan het probeer uitvind wat maatskappye en kantoorwerkers doen vir 'n volhoubare omgewing.

Dink twee keer voordat jy dokumente uitdruk en skakel die lugreëling af wanneer almal die kantoor verlaat. Dít is maar net twee maniere hoe sommige maatskappye omgewingsvriendelikheid bevorder.

"Ons hergebruik papier vir interne notas en vir konsepbriewe en ooreenkomste," sê mnr. Ettienne de Klerk van BM Prokureurs in Kaapstad.

Sy maatskappy verkies ook om nie blomme te koop nie, maar eerder plante wat koolstof verbruik en minder water benodig.

Hulle stel ook ander maniere van "groen" wees, voor:

- Moenie gebottelde water gebruik nie – eerder gefiltreerde water wat jy ook vir jou kliënte beskikbaar stel.
- Jy moet 'n gesindheid van besparing hê en probeer om elke pen en uitveër op te gebruik – nie net om finansieel te bespaar nie, maar ook om die natuur te bewaar.
- Maak koffie sonder om van weggooibare filters gebruik te maak.
- Skakel al die ligte en lugreëlaars af wanneer jy saans huis toe gaan.
- Stap na jou volgende vergadering toe as dit binne loopafstand is.

By Joubert en Genote in die Paarl streef hulle na papierlose kantore.

"Alle dokumente word elektronies op 'n sentrale stelsel gestoor. Indien dit absoluut nodig is om 'n dokument uit te druk, druk ons aan weerskante van die papier," sê mnr. Joep Joubert, besturende direkteur.

"Ons gebruik die lugreëling so oordeelkundig moontlik, slegs vir kort tye van die dag, en indien moontlik skakel ons slegs een lugversorger aan vir twee kantore."

Ander maniere wat hulle ontdek het om "groener" te wees, is:

- Ry met kleiner voertuie na kliënte en stap na nabygeleë kliënte.
- Gebruik in die herfs die blare wat afval van die bome en struike in jou tuin as kompos vir die res van die tuin.
- Gebruik organiese skoonmaakmiddels, byvoorbeeld 'n grasbesem pleks van een van sintetiese stof.
- Los ná ure slegs een lig aan vir veiligheidsdoeleindes, nie soos in baie geboue, elke kantoor se ligte nie.
- Hergebruik ou of gebruikte plastiekdokumenthouers en ou lêers.
- Eet een dag per week slegs vegetariese kos.

"As bestuurskonsultante moedig ons ons kliënte aan om groen en papierloos te word. Ons visie vir 2012 is: 'Spaar 'n boom en plant twee!' " sê Joubert.

By JHG Personeelpraktisyns in Bellville skakel hulle altyd die badkamerlig af. "Daar is voldoende natuurlike lig," sê mnr. Herman Hendrikse, uitvoerende hoof. "Ons deel 'n badkamer met 'n ander kantoor. Ons dink daaraan om 'n nota daar op te plak wat sê ons moet aan die omgewing dink en almal probeer oortuig hulle moet elektrisiteit bespaar."

Hulle kombuis het ook 'n groot venster wat dit onnodig maak om die lig aan te skakel. "Ons skakel af as ons dit sien brand!"

Ander slim "groen" aksies wat in hul kantoor toegepas word, is:

- Die reël is: As jy jou kantoor verlaat, moet jy die lugreëling afskakel – dis onnodig dat dit aangeskakel is as niemand in die kantoor is nie.
- Papier: Dink twee keer voordat jy iets uitdruk – en indien dit vir interne gebruik is, druk dit op afval- of gebruikte papier, of maak notas op gebruikte papier.
- Plaas 'n boodskap onderaan jou e-pos wat sê: "Neem die omgewing in ag – dink twee keer voordat jy hierdie e-pos druk".

Visual International, eiendomsontwikkelaars in Bellville, het 'n "Environmental"-skakel op hulle webblad geskep. " 'n Groot deel van ons werk en verpligtinge is om seker te maak ons ontwikkelings het so 'n klein uitwerking as moontlik op die omgewing," sê mnr. Charles Robertson, besturende direkteur.

Hy beveel ook maatskappye aan om, soos sy maatskappy in 2007 gemaak het, 'n omgewingsbeleid vir die hele onderneming te skryf en 'n koolstofvoetspoorstudie te doen vir groot projekte om te sien waar daar meer omgewingsvriendelik te werk gegaan kan word.

Jy kan ook leer uit wat hierdie mense gedoen het om hulle onderskeie kantore meer omgewingsvriendelik te maak. Meeste van die wenke werk ook vir huisgesinne. As almal net 'n klein bietjie doen, kan dit 'n groot verskil maak.

Een van die vele maniere waarop maatskappye omgewingsvriendelik kan wees, is deur die herwinning van papier. **FOTO'S: NATALIE GABRIELS**

Skakel die lugreëling by die kantoor af wanneer almal saans huis toe gaan.



Spaar elektrisiteit deur die ligte af te skakel wanneer daar niemand in 'n vertrek is nie.

"Spaar 'n boom en plant twee!